higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

(9020042)

10 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

528Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Belanghebbendes bestaan in die vorm van ... of groepe.

A kinders
B individue
C leerders
D diere

1.1.2 Die Raad op Mediese Skemas reël die mediese ... -organisasies.

A beroepe
B toerusting
C skema
D wanpraktyk

1.1.3 DHOO is verantwoordelik vir die onderwys en ... van gesondheidsberoepslui.

A indiensneming
B aftrede
C waarneming
D opleiding

1.1.4 Die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika verteenwoordig en gee leiding aan die ... hospitale in Suid-Afrika.

A distriks-
B tersiêre
C private
D opvoedkundige

1.1.5 Die Departement van Finansies is verantwoordelik vir befondsing deur middel van die nasionale ...

A bank.
B begroting.
C tesourie.
D raad.

1.1.6 Die Nasionale ... -diens is verantwoordelik vir die uitvoering van verskillende toetse vir onderskeie siektes.

A Konservatorium
B Siekte
C Laboratorium
D Toetsing

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die term *belanghebbendes met meervoudige belangstellings* word gebruik vir mense wat ...

A meer as een belang in ’n organisasie het.
B geen belang in ’n organisasie het nie.
C een gemeenskaplike belang in ’n organisasie het.
D ’n belang in ’n organisasie wil verkry.

1.1.8 ’n Hospies bied versorging aan ... pasiënte.

A ongeluksvatbare
B terminale
C gesondheidsbewuste
D gerehabililteerde

1.1.9 MNR staan vir die Mediese ... -raad.

A Navorsings
B Navigasie
C Natuurwetenskap
D Neurologiese

1.1.10 Die hooffunksie van die Departement van Gesondheid is om ...

A gesondheidstelsels na te vors.
B gesondheidsberoepslui op te lei.
C gesondheidsdienste te beplan en te voorsien.
D gesondheidsorgbefondsing te reguleer.

(10 × 1) (10)

1.2 Beskryf die rol van die Gesondheidsberoeperaad in die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel. (3 × 2) (6)

1.3 1.3.1 Noem TWEE benaderings wat gevolg kan word om primêre gesondheidsorg te voorsien. (2 × 2) (4)

1.3.2 Noem en bespreek die benadering tot primêre gesondheidsorg wat in Suid-Afrika gevolg word. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 2

Pas ’n pasiënt se verantwoordelikheid in KOLOM B by ’n pasiënt se reg in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Toegang tot gesondheidsorg	A	om ’n gesonde lewenstyl te hê
2.1.2	Ingeligte toestemming	B	respekteer die regte van pasiënte
2.1.3	Oefen keuse in gesondheidsorg uit	C	onderwerp jou aan behandeling
2.1.4	Weier behandeling	D	vra bestuur uit oor koste en reël betaling
2.1.5	Kontinuïteit van sorg	E	sorg vir en beskerm die omgewing
2.1.6	Vertroulikheid en privaatheid	F	adviseer die gesondheidspersoneel oor sy of haar wense gedurende die verblyf
2.1.7	’n Gesonde en veilige omgewing	G	weet watter dienste beskikbaar is
2.1.8	Verwys vir ’n tweede opinie	H	sien om na jou rekords
2.1.9	Behandel deur ’n benoemde gesondheidsorg-verskaffer	I	gee akkurate inligting vir diagnose en behandeling
2.1.10	Kennis van beleide van mediese fondse	J	kla oor gesondheidsorgdienste ontvang
		K	gebruik gesondheidstelsel sonder misbruik

(10 × 1) (10)

2.2 Definieer die *distriksgesondheidsorgstelsel*. (5 × 1) (5)

2.3 Distrikshulpbronne kan openbare en private hulpbronne asook NRO’s insluit.

Waarvoor staan NRO? (2)

2.4 Noem VYF beginsels wat die grondslag van primêre gesondheidsorg vorm. (5)


2.5 Gee EEN voorbeeld van elk van die volgende deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Voorkomende gesondheidsorg	Bevorderende gesondheidsorg	Genesende gesondheidsorg	Rehabiliterende gesondheidsorg
2.5.1	2.5.2	2.5.3	2.5.4

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die illustrasie hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



(5 × 2) (10)

3.2 Noem VIER gesondheidsverwante vraagstukke wat op die eerste vlak van gesondheidsorg behandel word. (4)

3.3 Noem die tipe sorg wat by 'n tersiêre hospitaal gebied word en gee TWEE voorbeelde. (3 × 2) (6)

3.4 Omvattende gesondheidsorg bestaan uit VIER komponente.

Bespreek die komponent van bevorderende gesondheidsorg aan adolessente en gee voorbeelde. (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1.1 'n Distrik word gedefinieer as 'n geografiese gebied met 'n omskrewe bevolking.

4.1.2 Gemeenskappe word nie toegelaat om by hul gesondheidsorg betrokke te wees as deel van die primêre gesondheidsorg op distriksvlak nie.

4.1.3 Desentralisasie is die proses waarvolgens gesag of funksie van plaaslik na sentraal beweeg word.

4.1.4 Die implementering van die distriksgesondheidstelsel sluit maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in.

4.1.5 Die Alma-Ata-verklaring bevorder noodsaaklike gesondheidsorg.

(5 × 1) (5)

4.2 Noem die SES-punt-agenda van die Wêreldgesondheidsorganisasie in antwoord op die uitdagings van die gesondheidsorgstelsel. (6)

4.3 Die distriksgesondheidstelsel berus op TWAALF kernbeginsels.

Bespreek die volgende beginsels:

4.3.1 Doeltreffendheid

4.3.2 Gehalte

4.3.3 Plaaslike aanspreeklikheid

(3 × 3) (9)

4.4 Beskryf die filosofie onderliggend aan die distriksgesondheidstelsel in Suid-Afrika.

(5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Angel is ’n enkelma met ’n baba van nege maande oud. Angel woon by haar ma en stiefpa in ’n wendyhuis in iemand se erf. Angel is werkloos en bestee haar tyd deur na haar seun, Abongile, om te sien. Angel let op dat Abongile nie drink of kos eet nie en ook nie urineer nie. Sy is baie bekommerd oor sy gesondheid.

Nadat die verpleegster by die kliniek Abongile ondersoek het, vra sy Angel uit oor wat hy eet en drink en waar hulle woon. Sy vra vir Angel of die gesin ’n spoeltoilet en toegang tot skoon water het.

Die verpleegster verduidelik vir Angel hoe om ’n suiker-en-sout-oplossing aan te maak om Abongile tuis te behandel. Sy verduidelik ook hoe belangrik dit is om water te kook voordat sy dit vir die baba gee. Sy versoek Angel om Abongile ná ’n week terug te bring vir ’n opvolgondersoek.

5.1 Stem jy saam dat die verpleegster omvattende sorg gebied het? Staaf jou antwoord. (2 × 1) (2)

5.2 Gee DRIE redes waarom dit as primêre gesondheidsorg geklassifiseer kan word. (3 × 2) (6)

5.3 Noem TWEE regte wat Angel en Abongile as pasiënte het. (2 × 2) (4)

5.4 Teken die organogram van die openbare gesondheidsiens en dui die vlak van versorging aan wat Angel en Abongile ontvang. (4 × 2) (8)

5.5 Verduidelik die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 met betrekking tot die gesondheidsorg wat Angel en Abongile ontvang. (5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou